

Beginnels van 'n gelukkige huwelik

Studie 5 - Om die leiding te neem

Sonder leierskap is elke onderneming tot mislukking verdoem. Die huwelik is geensins anders nie. 'n Gelukkige huwelik gebeur nie vanself nie. 'n Suksesvolle besigheid gebeur nie net nie. 'n Pragtige tuin word nie vanself geskep nie. Agter elke pragtige gebou is daar 'n meester bouer wat die planne sorgvuldig bestudeer het en die boubedrywighele volgens daardie planne gerig het.

Wat meer is, enige onderneming kan net een leier hê wat uiteindelik verantwoordelik is vir die bedryf. Daardie leier het gewoonlik 'n span saam met hom, en alhoewel diktatoriese leierskap miskien baie kan vermag, het dit nooit 'n gelukkige span nie! Die beste leier is die een wat saam met die mense na aan hom in 'n span kan werk. Dieselfde gebeur ook in 'n huwelik.

Daar blyk 'n neiging te wees waar mense leierskap in die huwelik nie wil aanvaar nie. Dit mag dalk wees omdat die leier óf nie die leiding neem nie, óf dat hy soos 'n diktator heers. Beide style is ramspoedig in 'n huwelik. Die eerste veroorsaak verwarring en 'n tekort aan leiding, en die laaste bring opstandigheid en haat te weeg. Die middeweg is 'n dun koord wat vaardigheid en baie gebed benodig.

Wat sê die Bybel oor leierskap?

Eerstens, wie is die leier? Dit is sekerlik nie die kinders nie – alhoewel hulle dikwels hulle grenslyne toets en

soms hulle eie terme wil laat geld. En ek is jammer, dame, met alle respek, God het jou nie aangestel om die hoof van die huis te wees nie. God het die man aangestel.

*1Kor 11:3 "... dat Christus die hoof is van elke man, en die **man die hoof van die vrou**, en God die hoof van Christus."*

As gevolg van hierdie instelling, gee die Here die opdrag:

Efés 5:22 "VROUE, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.

*5:23 "Want die **man is die hoof van die vrou**, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam."*

Baie mense het 'n ernstige probleem met hierdie bevel en probeer elke moontlik weg om dit vind. Ek sal jou sê hoekom ek dink mense nie daarvan hou nie. Dit is omdat mans hulle gesagsposisie misbruik. Hulle gebruik dit om te manipuleer, gebied en eise te stel wat geheel en al vir hul eie plesier is. Geen wonder hierdie leierskap is verward en word dus deur die meeste verwerp nie. Dit is egter nie die tipe leierskap wat God bedoel het nie.

Meneer, wil *jy* graag 'n goeie leier wees en 'n *gelukkig huis* hê? Kyk dan na God se styl van leierskap:

God se leierskapstyl

Johannes 13:1-17 beskryf 'n toneel tydens die laaste maal waar Jesus baie bewus was van:

- wie Hy was,

- waarvoor Hy geroep is
- dat al die mag in die hemel en op aarde in sy hande gegee is.

Stel jou voor om sulke belangrike inligting in jou gedagtes te hê, indien dit moontlik was. Ek dink die meeste van ons sou minstens 'n gevoel van meerwaardigheid, in dien nie arrogansie, gehad het nie. Wat het Jesus met al daardie inligting gedoen? Eenvoudig! Hy het sy bo klere uitgetrek, 'n handdoek om sy lyf gebind, 'n skottel water gevat en sy dissipels se voete begin was. Ek glo nie dat Hy dit gedoen het net om 'n voete-was seremonie in te stel nie (so goed soos dit mag wees). Ek dink Hy het dit gedoen omdat sy dissipels se voete vuil was. 'n Dienskneg se vuilwerk moes gedoen word, en Hy was nie te trots om dit te doen nie.

Wat volg, is die skrikwekkende gedeelte. Toe Hy met daardie taak klaar was, en tot die verbasing en verleentheid van al die dissipels, het Hy gaan sit en vir hulle die kern beginsels van goddelike leierskap geleer – dat hulle *nie geroep is om bedien te word nie, maar om te dien!* Meneer, met respek aan jou, jou vrou is nie jou slaaf nie, en jou kinders ook nie, en hulle moenie as sulks behandel word nie!

As ons ons huis volgens God se roeping wil lei, dan moet dit *in nederigheid* wees, deur ons gesin te *bedien*. Daardie tipe leier sal die respek van sy vrou en gesin verdien en hy sal 'n huis vol vrede hê. Wat beteken diensbaarheid?

Wat beteken diensbaarheid?

Dit is verbasend hoeveel klein takies daar in die huis gedoen moet word – skottelgoed was, klere stryk, opruim, ens. Moenie skrik nie! Dit beteken nie dat jy alles moet doen nie. Julle is 'n span, onthou. Maar ek glo dat die man die leiding moet neem deur te dien, en hy kan verseker nie lui wees nie!

Wat van om die gesin in die bediening van die Woord te lei? Baie mans skram daarvoor weg en sal eerder dat die vrou die leiding neem. Wat van die beheer oor wat in die huis toegelaat, of nie toegelaat word nie – soos die tipe video's of musiek wat toelaatbaar is? Die woord *sagmoedigheid* blyk ver van die woord *dissipline* verwyder te wees, en mens is geneig om te dink dat 'n dienende leier die klein vertrapte muisie in die huis sal wees. Ek dink nie so nie.

Dissipline is verseker 'n Goddelike karaktereienskap wat aangeleer moet word. Ek glo dat *goddelike leierskap* 'n goeie balans van *sagmoedigheid, dissipline, doelgerigte krag en duidelike rigting, harde werk en tyd saam met die gesin moet wees*. Jesus se leierskap is die beste voorbeeld wat 'n mens ooit kan volg. Hy het die "*bruid*" (dissipels) gelei in die manier wat die man sy vrou behoort te lei. *Hy het sy alles vir haar gegee*.

Onthou asseblief weereens dat ek vanuit die man se perspektief skryf, so die dames moet my asseblief vergewe. Ek is 'n leier van mans en my bediening is oor die algemeen aan mans. Ek sal egter die dames se kommentaar ook graag wil hoor.

Henry Jackson